

23 Desember

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-7

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:7

Geloof vorm jou hele lewe

Dink net: Die Here gee vir jou die opdrag om 'n massiewe skip op droë grond te bou. Menslik gesproke maak dit nie sin nie, en heel waarskynlik gaan die mense jou spot as jy dit doen. Hoe sal jy op so 'n opdrag reageer?

Noag was gehoorsaam aan hierdie opdrag wat God hom gegee het. Hoekom? Hy het in God geglo. Deur geloof was Hy oortuig daarvan dat dit wat God gesê het, gaan gebeur, naamlik dat die wêreld met water gaan oorstrom (vgl. Gen. 6:17-22).

Omdat Noag geglo het, is hy en sy huisgesin deur die ark gered. Eeue later het God sy Seun Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur sodat dié wat in Hom glo, gered word. Die geloof wat die Heilige Gees ons gee, verbind ons aan Jesus Christus en sy volmaakte verlossingswerk sodat ons van die straf op die sonde vrygespreek word.

Geloof wat ons aan Christus verbind, vorm ons hele lewe. Geloof het Noag se lewe gevorm – hy het God op sy Woord geneem en in gehoorsaamheid die ark gebou. Geloof oortuig ons van die waarheid van God se Woord sodat ons Hom gehoorsaam.

Die teenoorgestelde van geloof is *ongeloof*. Soos wat geloof tot gehoorsaamheid lei, lei *ongeloof* tot *ongehoorzaamheid*. Die reaksie van die *ongelowige* mense was die teenoorgestelde van die gelowige Noag en daarom het dit tot hulle veroordeling gelei.

Vandag roep die Here jou tot gehoorsaam aan sy Woord. Jou gehoorsaamheid is die bewys hoe geloof jou lewe vorm. Jou geloofsvrugte moet die gevolg wees van die Here se reddende genade in jou lewe!

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3

Dr. HM Zwemstra (Pretoria-Annlin)